die uitvoer van lewende hawe as 'n probleem nie, maar vir die rooivleisbedryf is dit wel 'n groot probleem.

'n Amptelike protokol vir lewendehawe-uitvoer is 'n jaar nadat konsepriglyne vir kommentaar opgestel is, stéédsnie bekend gestel nie, blykbaar weens kapasiteitsbeperkings.

"Dit is besig om werkgeleenthede en 'n klomp ander dinge te verongeluk. Die uitvoer van lewende hawe kan op 'n inklusiewe manier 6% van die rooivleisbedryf se aanbod opneem," sê mnr. Gerhard Schutte, voorsitter van die nasionale dieregesondheidsforum en hoofbestuurder van die Rooivleisprodusente-organisasie (RPO).

kol het nog nie veel gevorder nie omdat die departement "probleme" het.

Die kommentaartydperk vir konsepriglyne het verlede jaar van 31 Maart tot 30 April gestrek. Die departement het onderneem om amptelike riglyne in die tweede kwartaal vanjaar bekend te stel.

"Dit is vir my verbysterend dat die regering só hamer op uitvoer, werkgeleenthede en groei, maar hy doen alles in sy vermoë om dit te verongeluk. Dit is nou al byna 'n jaar later en ons het geen protokol nie – dit ten koste van werkgeleenthede, uitvoergeleenthede en die opkomende boer se sak."

Die departement meen verder dit is nie duidelik wat die impak van die slakkegang waarteen dié proses vorder, op die rooivleisbedryf is nie, aangesien daar nie 'n verbod op die uitvoer van lewende hawe is nie.



Een van Al Mawashi se lewendehawe-uitvoerskepe. Daar is kommer dat ander uitvoerlande kopers van Suid-Afrika kan wegrokkel weens gebrekkige protokol-infrastruktuur plaaslik. FOTO: AL MAWASHI

'n Uitspraak deur die hooggeregshof in Makhanda in 2020, wat bepaal dat die departement die diere se welstand moet monitor, is volgens die departement 'n voldoende

van die bedryf te skep nie. Daarom het ons 'n protokol nodig."

Die situasie skep volgens hom 'n gulde geleentheid vir Australië om die plaaslike bedryf se naam te beswadder en sy markaandeel uit te brei.

"Buiten die gebrek aan 'n protokol is daar die probleme by Transnet en die hawens. Dit maak dit maklik vir Australië om vir die Midde-Ooste te sê hy moet eerder bestellings by Australië plaas aangesien alles daar werk soos dit moet."

Entstoftekorte is volgens Schutte nóg 'n struikelblok vir lewendehawe-uitvoer aangesien elke skaap wat op die skip gelaai word, teen slenkdalkoors en bloutong ingeënt moet word.

"Dit is 'n gesukkel."

Suid-Afrikaanse regstelsel misbruik.

"'n Protokol is ononderhandelbaar. Ons waardeer dit dat die departement sy kapasiteitsbeperkinge erken, maar meen die finalisering van die riglyne moet dringende aandag kry omdat die uitvoer van lewende hawe R600 miljoen tot R700 miljoen per jaar vir die Oos-Kaapse ekonomie kan beteken."

'n Protokol sal volgens hom ook verseker dat handel met die Midde-Ooste ononderbroke is aangesien handelsbeperkings en moratoriums dan nie die voorsieningsketting sal onderbreek nie.

– MICHELLE VAN DER SPUY

ROOIVLEIS

# INFORMELE VEESEKTOR IS 'N SLAPENDE REUS

**INDIEN** voorstelle in die meesterplan vir die landbou en landbouverwerking uitgevoer word, kan dit die beesvleisbedryf se jaarlikse inkomste met 'n verdere R8 miljard in reële waarde bó die normale verwagtinge laat toeneem.

Mnr. Gerhard van der Burgh, 'n programkoördineerder van die buro vir voedsel- en landboubeleid (BFAP) wat op 'n konferensie van die Wagyu-telersgenootskap oor die groeipotensiaal in die rooivleisbedryf gepraat het, het gesê dit kan 3 200 nuwe werkgeleenthede per jaar in die sektor skep. Dit kan ook die informele sektor se aandeel in die mark van 34% tot 50% laat toeneem teen 2030.

Deur net die gemiddelde kalfsyfer in die informele sektor van 40% tot 50% te laat toeneem, sal produktiwiteit reeds met 8% toeneem. Dit sal neerkom op 155 000 meer speenkalwers per jaar.

"Suid-Afrika voer tans jaarliks 30 000 ton tot 40 000 ton beesvleis uit. Daar is potensiaal om dit tot 240 000 ton per jaar te verhoog teen 2030, wat 'n groot toename sal wees. Om dit moontlik te maak, sal verwerking van beesvleis jaarliks moet toeneem van 740 000 ton tot 981 000 ton. Daarvoor is 'n bykomende 450 000 tot 500 000 speenkalwers nodig."

## INVOER

Hy het gesê die vraag sal dit moontlik maak om kalwers vanuit buurlande in te voer en deel te maak van die produksieproses. Verder sal die produktiwiteit en die doeltreffendheid van plaaslike kuddes moet verbeter.

Die mikpunt is om die oppervlakte vir beesvleisproduksie deur klein- en middelslag swart boere met minstens 1,4 miljoen ha te laat toeneem. Daardeur sal dit sorg vir meer as 250 000 bykomende speenkalwers jaarliks vir die mark binne die volgende tien jaar.

Volgens Van der Burgh is die mikpunt om R200 miljoen te bestee aan die toepassing van die eerste fase van 'n identifikasie-en-naspeurbaarheidstelsel vir beesvleis.

Mnr. Gerhard van der Burgh
FOTO: NICO VAN BURICK

Daarby kan 'n graderingstelsel wat internasionaal erken word, mededingendheid op wêreldvlak verhoog en tot 'n prysverhoging van 20% tot 40% lei in van die markte waaraan tans verskaf word.

Hy het verwys na bevore, beenlose snitte waarvoor Suid-Afrika 35% tot 40% minder verdien as Australië en Amerika.

Om groei te bevorder, is die vier belangrikste terreine dieregesondheid en biosekerheid, inklusiewe groei, marktoegang en mededingendheid.

– NICO VAN BURICK